UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Pretoria was, en die eertydse Transvaalse Universiteitskollege tot in 1910 vir 'n tyd lank in die „Staatsgymnasium"-gebou gehuisves was. Die feit dat Herman Fourie, die latere predikant en Bybelvertaler, vir 'n tyd lank aan die „Staats=gymnasium" gestudeer het, en openbare figure, soos ds. Pieter van Drimmelen, in 1899 aan die „Staatsgymnasium" gematrikuleer het en sodoende in staat gestel is om aan Nederlandse univer=siteite in verskillende rigtings verder te studeer, het van die „Staatsgymnasium" 'n besondere inrigting vir middelbare onderwys in die Republiek gemaak, veral uit die oogpunt van die onderwysgeskiedenis in die noordelike Republieke. Die „Staatsgymnasium"-gebou was in baie opsigte 'n argitektoniese en opvoedkundige monument.

gg. Staatsmuseum


Nadat die Staatsmuseum na sy stigting aanvanklik in een van die bowesale van die „Staatsgebouw" gehuisves is en dit in Oktober 1893 oorgeplaas is na die „Kleine Markthal" op die Pretoriase Markplein, is 'n nuwe museumgebou, in oorleg met dr. N. Mansvelt, Superintendent van Onderwys, teen die einde van die negentigerjare in Boomstraat opgerig. Die wetenskaplik beplande museum was 'n groot verbetering op die vorige museumgeboue. Vir die bouwerk is gedeeltelik gebruik gemaak van klip afkomstig van die Watervalgroewe wat destyds in algemene gebruik in Pretoria was.[83]

hh. Artilleriegeboue

Die bou van die nuwe Kamp vir die Artillerie, wat as 'n „zeer omvangrijk werk" aangekondig is, het in 1895 'n aanvang geneem en naas die Paleis van Justisie, was dit een van die belangrikste bouprojekte wat in die tweede helfte van die negentigerjare deur die Departement van Publieke Werke ontwerp en tot stand gebring is. Die afleiding kan gemaak word dat Klaas van Rijsse 'n belangrike aandeel in die ont=werp van die omvangryke bouprojek gehad het.

Die gebouekompleks, wat oor 'n groot tereein versprei is, het aanvanklik bestaan uit „een manschappen-kazerne, vier

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA






UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kanon- en wagenhuizen, zes paardenstallen, twee paardenstal=len voor officierspaarden, alsmede officiers- en onderoffi=cierswoningen." Vir die mure is gebruik gemaak van 'n geel-grys klip wat van Boksburg afkomstig was. In 1896 het die voorneme bestaan om nog 'n ryskool en 'n „conversatiegebouw", benewens 'n „machinegebouw", 'n „keukengebouw" en „een magazijn met wagenhuis voor Veldtelegrafie" te bou, maar die reaksie van die Volksraadslede teen die oprigting van 'n ry=skool en 'n „conversatiegebouw" was van so 'n aard dat die Hoof van Publieke Werke van sy voorneme afgesien het.[84]

Danksy die optrede van kenners van die geskiedenis en boukuns van die Republikeinse tydperk, word dié belangrike gebouekompleks van die eertydse Artilleriekamp in sy geheel as 'n historiese gedenkwaardigheid geproklameer.[85] Die straat met offisiers- en onder-offisierswonings vorm 'n be=sondere onderdeel van die hele gebouekompleks en verhoog die historiese en kunshistoriese belangrikheid en betekenis van die geheel.

jj. <u>Paleis van Justisie</u>

Die Paleis van Justisie, wat in 1895 deur die Hoof van Publieke Werke as „dit hoogst interessante werk" aangekondig is, was die vrug van oorlegpleging wat vir geruime tyd deur die Hoof van Publieke Werke, hoofregter J.G. Kotzé en ander amptenare en belanghebbendes gevoer is. Toe die belangrike gebou in 1896 in aanbou was, was dit die grootste bouwerk van die Departement van Publieke Werke tot op daardie tydstip.

Die hoofgewel van die Paleis van Justisie, geleë aan die noordekant van Kerkplein, regteenoor die „Staatsgebouw", bevat 'n middelgedeelte met 'n breë monumentale kliptrap wat toegang tot die eerste verdieping gee. Dit word bekroon deur 'n fronton en geflankeer deur twee rysige, sierlike torings. 'n Koepelgewelf versier die middelgedeelte van die sentrale vestibule, terwyl die hele gebou deur vier hoek=pawiljoene ingesluit word. Die gebou wat 'n lengte van 230 vt.

---

Die Paleis van Justisie (voorgewel en oostelike sygewel (bo) en sy agterkant aan Vermeulenstraat voor die latere aan=bouing (onder).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en 'n breedte van 186 vt. het, is soos volg ingedeel: 'n Portiek met vestibule aan die voorgewel gee toegang tot die groot sentrale vestibule vir die publiek, en word met kolonnades versier wat rondgaande galerye dra. Daaragter is drie ruim hofsale geleë waaromheen die volgende vertrekke gegroepeer is: kantore vir die balju en die griffier, jurie=kamers, kamers vir advokate, prokureurs, getuies en die polisie, terwyl die „sous-basement", gebou van plaaslike graniet, allerweë as 'n meesterwerk in uitvoering genoem en deur besoekers beroem word.

Die Paleis van Justisie, soos in die geval van al die ander openbare geboue wat vanaf 1887 deur en onder leiding van Sytze Wierda ontwerp is, is ook in die Italiaanse Renaissan=ce-boustyl ontwerp en is destyds ook as die „moderne monument=aalbouw" beskrywe.

'n Kenner van die Suid-Afrikaanse argitektuur verwys na die Paleis van Justisie, wat saam met die „Staatsgebouw" op 'n grandiose skaal ontwerp is en wat vandag nog aan Pretoria die onderskeiding verleen, as

> „another building which possesses high standards of composition in its neo-Renaissance façades and proportions, also in the appreciation of the com=positional value of flat planes with well defined projections and changes in the shapes of openings. But the central bay of the main elevation exhibits amazingly uninhibited eclecticism:- over the entrance of the rusticated ground floor stands a loggia with Corinthian columns (which appear to have been Wierda's favourite Order) under a large pediment. Above rises the domed pavilion which covers the central part of the hall, treated in a French manner covered with lead fish-scale tiles, and crowned with a pagoda-like climax. The whole is flanked by twin Italianate towers designed in four stages from which rise domed cupolas. The result is so bizarre that it makes the building infinitely less architecturally worth-while than its opposite neighbour."

Vroeër in dieselfde beskrywing van die Paleis van Justisie het dieselfde skryfster verwys na die

> „main approach .... from the square through a

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



raised, arched portico into a foyer beyond which Wierda created what is still one of the finest classical public spaces in South Africa: a large colonnaded hall which gives access to offices and court rooms, divided into three parts by two-storied colonnades. The central part is covered with an elaborate steel-framed domical roof, enriched by a moulded plaster ceiling, and having semi-circular coloured glass windows on four sides. Wooden roofs cover the two remaining parts of the hall, with plaster ceilings below."86

Die gedenksteen van die Paleis van Justisie is op 8 Junie 1897 deur die Staatspresident gelê en aangesien die gebou ten tyde van die aanvang van die Tweede Vryheidsoorlog nog nie heeltemal voltooi was nie, het die amptenare van die Departement van Justisie van die Zuid-Afrikaansche Republiek nie die voorreg gehad om die sierlike hooggeregs= hofgebou aan die Pretoriase Kerkplein te gebruik nie. Na die Britse besetting van Pretoria is die monumentale gebou deur die militêre owerheid as 'n hospitaal in gebruik gE= neem.[87]

f. <u>Die „Staatsgebouw"</u>

Toe Sytze Wierda na sy aankoms in Pretoria en sy in= diensreding op 1 November 1887, kennis gemaak het met die Eerste Ou Goewermentsgebou op Kerkplein en van toe af vir 'n tyd lank sy kantoor in die Volksraadsaal gehad het, was die ontwerp van 'n nuwe „Gouvernementsgebouw", wat die ontoe= reikende bestaande een op dieselfde terrein moes vervang, een van die eerste belangrike take wat hy as „Gouvernements Ingenieur en Architect" aangepak het. Die nuwe „Gouverne= mentsgebouw" in Pretoria sou in 'n sekere sin dieselfde funksie vervul as die „gouvernementsgebouwen" in Johannesburg, Krugersdorp, Klerksdorp, Boksburg, Potchefstroom en ander belangrike plekke in die Republiek.

Dit is opvallend dat die „Gouvernements Ingenieur en Architect" in sy eerste jaarverslag vir die tydperk 1887/88 verwys na die planne wat in tekening gebring en die spesifi= kasies wat opgestel is vir die „Gouvernementsgebouwen te

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



J. Perrin
Phot. Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Pretoria". In sy tweede jaarverslag vir die tydperk 1889 maak hy egter vir die eerste keer melding van die „Staats=gebouw te Pretoria", waarvan die bou in Desember 1888 'n aanvang geneem het nadat die Eerste Ou Goewermentsgebou, en die „European Hotel" op die langsaan-geleë Kerkplein-erf, vir dié doel gesloop is.

Waar die Ou Goewermentsgebou die belangrikste rege=ringsgebou in Pretoria was en vanaf die sewentigerjare vir 'n tyd lank al die destydse regeringskantore en Volksraad=saal gehuisves het maar op die duur te klein vir dié doel geword het, het die nuwe goewermentsgebou, wat in 1887/88 ontwerp is om op sy beurt al die belangrikste staatsdeparte=mente in die „Residentiestad" te huisves en vanaf sy vol=tooiing die belangrikste openbare gebou in die Republiek geword het, as die „Staatsgebouw" bekend gestaan. Die nuwe be=naming het die belangrikheid van dié goewermentsgebou beklemtoon en sy besondere plek en funksie in die Zuid-Afrikaansche Republiek aangedui. Wat die „Staatsgebouw" ook 'n beson=dere gebou gemaak het uit die oogpunt van die lewe en werk van Sytze Wierda en sy betekenis vir die Republiek, is dat dié openbare gebou, in teenstelling met ander Republikeinse regeringsgeboue van die negentigerjare, sonder twyfel heel=temal deur homself ontwerp is sonder die bystand van enige ander argitek van sy Departement. Deur sy deelname aan die prysvraag vir 'n Amsterdamse Beursgebou in 1879/80 het hy bewys gelewer dat hy vir sy besondere taak as ontwerper van openbare geboue, tien jaar later, deeglik voorberei was. Wanneer die uitwendige ooreenkomste tussen Wierda se ontwerp vir 'n Amsterdamse Beursgebou en die ontwerp vir die „Staatsgebouw" nagegaan word, is dit duidelik dat die ont=werper van die Amsterdamse Beursgebou, tien jaar later sonder enige twyfel ook die ontwerper van die „Staatsgebouw" was. Aangesien daar in die verlede soms die moontlikheid genoem is dat Klaas van Rijsse jr. - wat in die tweede helfte van 1887 ook 'n ontwerp vir 'n nuwe goewermentsgebou in die plek

---

Die Eerste Ou Goewermentsgebou, 1883, wat in 1888 gesloop is om plek te maak vir die „Staatsgebouw".

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van die afgekeurde Simmonds-ontwerp voorberei het en wie se ontwerp die goedkeuring van pres. Kruger, behoudens enkele wysigings, verwerf het - in werklikheid vir die ontwerp van die „Staatsgebouw" verantwoordelik was, of so nie, dan ten minste 'n belangrike aandeel in die ontwerp, naas sy hoof, Sytze Wierda, gehad het, dui die beskikbare gegewens daarop dat Sytze Wierda inderdaad vir die ontwerp verantwoordelik was. Die „Staatsgebouw", wat enkele jare gelede tot his= toriese gedenkwaardigheid verklaar is, is myns insiens sonder enige twyfel die skepping van Sytze Wierda.

Die „Staatsgebouw" is deur Sytze Wierda in die Italiaan= se of Vroeg-Renaissance-boustyl ontwerp. Die middelgedeelte van die front vertoon 'n „avant-corps" met 'n terras waar= onder 'n deurrit tot stand gebring is. Die hoeke van die gebou is in die vorm van pawiljoene opgebou met aansluitende vleuels waartussen aan die sy- en agtergewels eweneens middelgedeeltes tot stand gekom het.

Die Volksraadsaal, wat as die belangrikste onderdeel van die „Staatsgebouw" ontwerp is, is in die middel van die gebou geplaas, terwyl die verskillende kamers en sale aan die buitenste gedeelte van die gebou geleë is en met mekaar in verbinding staan deur rondgaande gange wat op die binne= plein uitkyk. Die vestibules en trapruimtes is agter die middelgedeeltes aan elkeen van die drie gewels geleë.

Aanvanklik is die „Staatsgebouw" met twee verdiepings ontwerp, dit wil sê 'n gelykstraatse verdieping, 'n sg. „Res de Chaussée", en 'n eerste verdieping. As gevolg van die uitbreiding van die „Gouvernementskantoor" en die verskil= lende landdroskantore, waarvoor die „Staatsgebouw" op die regeringsetel bestem was, het die owerheid besluit om die gebou, wat van soliede aanleg en konstruksie was, uit te brei deur die byvoeging van 'n derde verdieping. Deur dié byvoeging en 'n groter hoogte, het die „Staatsgebouw" byge= volg aan silhoeët gewen.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Onmiddellik na die Volksraadsitting van 1890 het die Regering aan die „Gouvernements Ingenieur en Architect" opdrag gegee om 'n vergadersaal met die nodige newelokale vir die Tweede Volksraad, wat in daardie afgelope sitting ingestel is, te ontwerp. Die plek, tussen die vleuels aan die westekant van die gebou, wat vir die oppasserswoning be= stem was, is vervolgens vir die Tweede Volksraadsaal benut. Om die behoorlike afmetings te verkry, is daar 'n voorsprong van 10 voet buitekant die vleuels gegee. Die Tweede Volksraadsaal is by wyse van 'n buitegalery met die saal van die Eerste Volksraad verbind, terwyl die traptoring wat vir die publiek gedien het tot toegang na 'n galery in die Eerste Volksraadsaal, ook terselfdertyd toegang verleen het tot 'n dergelike galery in die Tweede Volksraadsaal.

Na die voltooiing van die „Staatsgebouw" in 1891 is die kantore van die volgende staatsdepartemente uit verskillende geboue in Pretoria daarheen oorgeplaas: Die „Gouvernementskantoor", kantore vir die Landmeter-generaal, die Superintendent van Onderwys, die Kommandant-generaal, die Departement van Mynwese, die Departement van Publieke Werke, die Tesourier-generaal, die Ouditeur-generaal, die Registrateur van Aktes, die Inspekteur-generaal van Invoer= regte, die Posmeester-generaal, die Inspekteur van Gevangenis= se, die Hoofkommissaris van Polisie, die Weesheer, die Raad van Eksaminatore en vir die Kuratore van die Kranskinnigege= stig, terwyl die Litografiese Ateljee of Drukkery, 'n onder= afdeling van die kantoor van die Landmeter-generaal, vir 'n tyd lank 'n plek in die kelderverdieping gekry het tot tyd en wyl die verwarmingsapparate daar geïnstalleer sou word.

Die woning van die oppasser of „concierge" was gelyk= vloers onder die saal van die Tweede Volksraad aangebring. Die koffiekamer is aanvanklik gebruik vir die in camera-sittings van die Regterlike Mag. Op een stadium is toe= stemming gegee dat die „Staatsgymnasium" sy werksaamhede in

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



lokale van die „Staatsgebouw" mag voortsit. Vir 'n tyd lank is die Staatsmuseum in een van die boonste sale gehuisves, terwyl korrespondensie met die hoof van die Kaapse Sterre=wag gevoer is oor die moontlikheid om 'n sterrewag bo-op die „Staatsgebouw" in te rig. In plaas van 'n sterrewag is mettertyd 'n reënmeter bo in die ronde traptoring geplaas waar die meting van die reënval gereeld plaasgevind het.

'n Volledige waterleiding is in die „Staatsgebouw" aangelê in verbinding met die buisnetwerk van die „Pretoria Waterleiding Maatschappij", ook 'n komplete telefooninrig=ting, met elektriese skelgeleidings sowel as 'n brandwaar=skuwingsapparaat in die gange, wat in verbinding gestaan het met die brandalarmklok bo in Kerkpleintoring, benewens 'n interkom-stelsel, bestaande uit „spreekbuizen".

Besondere aandag is deur die ontwerper van die „Staats=gebouw" aan die akoestiek van die Volksraadsale gegee. 'n Eie bevredigende stelsel tot verbetering daarvan is spoedig na die ingebruikneming van die sale aangebring. 'n Toringuurwerk met slagklok is vervaardig deur die fabri=kant H. Beijes, van Hildesheim, in Duitsland, en mettertyd in die Kerkpleintoring geïnstalleer. Vanaf 1 Januarie 1894 is die tyd deur die toringuurwerk halfuurliks volgens die Hollandse en Afrikaanse metode aangegee.

Die stelsel van latrinelediging en die afvoer van faeces is deur die „Gouvernements Ingenieur en Architect" op 'n wyse gereël wat destyds as uniek in Suid-Afrika beskou is. Die assuransie teen brand van die „Staatsgebouw" was in daardie jare ook 'n nuwigheid wat egter nie allerweë goed=keuring weggedra het nie.

Die „Staatsgebouw", wat teen 'n totale koste van bykans £146 000 opgerig is, is sonder enige plegtigheid geopen en in gebruik geneem. Die gebou is teen die einde van die onderhoudstyd in Julie 1892 deur die Staatspresident en enkele lede van die Uitvoerende Raad amptelik geïnspekteer, goedgekeur en van die boukontrakteur, J.J. Kirkness, oorge=neem.[88]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n Interessante aspek in verband met die totstandkoming van die „Staatsgebouw", is die wyse waarop van beeldende kunstenaars gebruik gemaak is. In hierdie verband kan veral na die Pretoriase beeldhouer, Anton van Wouw, wat kort van=tevore uit Nederland na die Republiek geëmigreer het, verwys word. Hy was verantwoordelik vir die boetsering van die Republikeinse wapen vir plasing op die voorgewel van die „Staatsgebouw". Die beeldhouwerk is deur hom in die kelder van die „Staatsgebouw" gedoen. Op een stadium was daar 'n hele bedrywigheid in die keldervertrekke, waar ook die klip=kappers met hul werk besig was. Dié ongewone bedrywigheid van die beeldhouer en klipkappers het onwillekeurig laat dink aan die „Centraalstation" in Amsterdam, wat onder die hoof=opsigterskap van Sytze Wierda gebou is en waar die argitekte, Cuypers en Van Gendt, in die tagtigerjare 'n hele aantal beel=dende kunstenaars saamgetrek het vir die afhandeling van hul versieringsopdragte. Vir die eerste keer kon dié aktiwiteite op kleiner skaal ook in die Republiek waarge=neem word.[89] Korrespondensie wat tussen die skilder, Frans Oerder, en Sytze Wierda gevoer is en waaruit blyk dat die kunstenaar, wat ook kort vantevore uit Nederland na die Republiek verhuis het, die Volksraadsaal met mitologiese tema's, engele- en ander figure wou beskilder, het tot niks gelei nie aangesien die ontwerper van die „Staatsgebouw" 'n ander siening oor die versiering van die Volksraadsaal daarop nagehou het. Sytze Wierda was nie te vinde vir Frans Oerder se voorstelle nie en het in plaas daarvan voor=keur gegee aan die verf van die mure in passende tinte en die plasing van die landsvlag en geskilderde portrette van leiers=figure soos oud-president M.W. Pretorius, pres. Kruger en komdt.-genl. Piet Joubert teen die mure van die twee Volks=raadsale. Die interessante tekeninge wat Frans Oerder in helder kleure gemaak het en aan die ontwerper van die „Staatsgebouw" voorgelê het, is nie aan die kunstenaar terug besorg nie en kan nog steeds in die Transvaalse Staatsargiefbewaarplek besigtig word.[90]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Vryheidsbeeld op die Kerkpleintoring is volgens voorskrifte van die boukontrakteur en met goedkeuring van die ontwerper van die „Staatsgebouw", oorsee gemaak. Aan= vanklik was die Vryheidsbeeld sonder 'n helm maar mettertyd is een onder leiding van die Hoof van Publieke Werke in Pretoria gemaak en op sy plek geplaas.[91]

'n Saak wat besondere aandag geniet het, was die meubilering van die twee Volksraadsale. Die deftige en sier= like meubels waarvan die styl by dié van die „Staatsgebouw" aangepas het, is deur die firma Maple & Co. van Londen op 'n keurige en soliede wyse gemaak, terwyl daar ook rekening gehou is met die klimaatstoestande in die Republiek. Na die in= stallering en ingebruikneming het die spesiaal-ontwerpte en vervaardigde meubels volkome bevrediging gegee en 'n bydrae gelewer tot die waardige indruk wat die Volksraadsale van die Boererepubliek op besoekers gemaak het. Die aanvraag na meubels vir staatskantore het in die loop van die negentiger= jare steeds groter geword deurdat die kantore van die staats= departemente algaande besig was om al meer hul primitiewe karakter te verloor. Die meubilering van staatskantore was bygevolg 'n belangrike aktiwiteit van die Departement van Publieke Werke.[92] Die sentrale verwarming van die Volks= raadsale het ook aandag geniet en die firma Rudolph Otto Meijer, van Hamburg, is belas met die lewering en installering van die nodige apparate. Die elektriese beligting is gedoen deur die kontrakteursfirma Gebrs. Delfos & Co. van Pretoria, terwyl die aansluiting by die straatgeleiding eers mettertyd plaasgevind het.[93]

Wanneer die geskiedenis van die „Staatsgebouw" voor, tydens en na sy oprigting nagegaan word, is dit merkwaardig watter belangrike plek die totstandkoming, toerusting en versorging van dié openbare gebou in die bestaan van die Republiek ingeneem het. Vir die sorg wat aan die ontwerp, oprigting en toerusting van die „Staatsgebouw" bestee moes word, het Sytze Wierda vir meer as 'n dekade sy talente en

---

Die „Staatsgebouw", wat in 1887/88 deur Sytze Wierda, G.I. & A., ontwerp is en wat aan die argitek 'n besondere plek in die argitektuurgeskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek verseker het.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



verkreë kundighede met hart en siel beskikbaar gestel.

Wanneer kennis gemaak word met reisbeskrywings en werke oor die geskiedenis en argitektuur van die Zuid-Afrikaansche Republiek, is dit opvallend dat die „Staatsgebouw" in sy geheel of een of ander aspek of onderdeel daarvan, steeds die aandag getrek en gunstige kommentaar van besoekers en navorsers ontlok het. In hierdie verband kan talle voorbeelde genoem word. Die verloop van jare het die intrinsieke waarde van die „Staatsgebouw" in perspektief geplaas en die gebou en sy ontwerper, sowel as die ander openbare geboue wat deur sy personeel ontwerp is, 'n eie plek in die argitektuurgeskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek gegee.[94]

Verwysende na die veranderings wat na die ontdekking en ontwikkeling van die Witwatersrandse goudvelde in die Republiek ingetree het, waardeur die argitektuur ook ten goede beïnvloed is, maak Doreen Greig die volgende opmerkings oor Pretoria:

> „Gradually .... the simple buildings of the settlers were replaced by government buildings which expressed the new wealth and consequence of the Republic; this was the work of President Kruger's active Works Department and they were erected by builders from Holland under the direction of Sytse (sic) Wierda, an architect-engineer, also from Holland. He and other Hollander architects were responsible for the first good institutional architecture in Pretoria, influenced the training of builders generally - to the subsequent benefit of building. They also explored the countryside for good building materials and opened up quarries for stone...."

Oor die kenmerke van die „Staatsgebouw" sê sy, onder andere, die volgende:

> „The versatile Wierda designed this large, dignified building in a Beaux-Arts manner as a square, with four internal courtyards surrounding the Raadsaal chamber; the four external façades of the building and their parts are composed in a related manner of classical elements. These elements - columns, arched and pedimented openings, balustrades,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> and balconies - are combined with three scaly French pavilion roofs, the central one being of major dimensions and surmounted by a clock tower and cupola which supports the mythological figure. The design demonstrates the lack of antiquarian pedantry which was characteristic of the work of Wierda's generation of architects, and the manner in which ornament was the main preoccupation...."95

In die vertoë wat in 1968 gelei het tot die proklamering van die „Staatsgebouw" as historiese gedenkwaardigheid en waaruit prof. Oberholster sy inligting vir sy werk „Die Historiese Monumente van Suid-Afrika" verkry het, word verwys na die „Gouvernementsgebouw" op die suidwestelike hoek van die historiese Kerkplein van Pretoria,

> „'n gebou waarsonder 'n beeld van dié plein sowel as van die middestad nie bedink kan word nie. Dit is die trots van die stad en die argitektoniese pronkstuk van Sytze Wierda, ,Gouvernements Ingenieur en Architect' van die eertydse Zuid-Afrikaansche Republiek.... Die Gouvernementsgebou of Raadsaal is nie slegs in spanningsjare voltooi nie, maar dit sou die getuie wees van die hoogs dramatiese momente in die geskiedenis van Suid-Afrika...."96

Na aanleiding van insiggewende en gesaghebbende beskouings oor die argitektuur van Pretoria wat in 1955 deur prof. A.L. Meiring gepubliseer is,[97] is deur my deur middel van 'n brief 'n aantal vrae oor sy standpunt aan hom gestel. Met verwysing na sy stelling dat die Raadsaal onder die beste openbare geboue van ons land gereken kan word, het hy in antwoord op my brief geskrywe dat daar uit sy bespreking van die „Staatsgebouw" nie afgelei moet word dat die Raadsaal as 'n argitektoniese meesterstuk beskou kan word nie. Hoogstens kan gesê word dat die ontwerp geslaagd was. Voortgaande het hy hom as volg uitgelaat:

> „Die eenheidskonsep v.d. ontwerp is geslaagd ten spyte v.d. sterk en ietwat oorheersende middel-element aan die Kerkpleinfront. Wierda was lief vir so 'n fokale punt in die middel van 'n simmetriese ontwerp (hy gebruik dit ook aan die Paleis van Justisie) wat hy beide uit- en opstoot, en gebruik dan die res van die front aan weerskante om as horisontale ‚stut' vir die middel-element

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



te dien. So 'n behandeling word geregverdig deurdat die hooftoegang tot die gebou in hierdie element geleë is. Die belangrikheid van die hooftoegang word verder beklemtoon deur die porte-cochère wat daarteenaan staan, en die dak waarvan as balkon ingerig is om as verhoog te dien vir sprekers by feesgeleenthede. Dit is al te jammer dat hierdie funksie v.d. balkon ver= ontagsaam is in die latere ontwerpe van Kerkplein wat 'n samekoms v.d. publiek voor die balkon on= moontlik maak. Die hoeke van die gebou verleen visuele stewigheid aan die ontwerp sonder om af= breuk aan die middel-element te doen, en die sy- en agterkante v.d. gebou is ook sober behandel om nie afbreuk daaraan te doen nie. Dit is te betwyfel of Wierda geregverdig was om die koepel van die gebou bo-oor die middel-element te plaas. 'n Koepel se funksie is om aan te dui waar die belangrikste bestanddeel v.d. plan v.d. gebou geleë is, en in die Ou Goevernementsgebou is dit die Raadsaal, nie die Voor- en Trapportaal nie wat in die middel-element geplaas is. As die koepel verder agtertoe geskuif was om oor die Raadsaal te staan dan sou dit weliswaar versteek gewees het vir iemand wat naby die gebou staan, maar van beide 'n beplannings- en ontwerpkant gesien, sou dit meer korrek gewees het. 'n Beroemde voorbeeld v.d. korrekte koepelplasing is die St. Petruskatedraal in Rome. Daar is ook 'n pragtige koepel versteek vir die toeskouer wat naby die front v.d. katedraal staan, maar dit het Michelangelo en die ander argitekte van die gebou nie laat aarsel om nie die regte plek vir die koepel te kies nie. Die verhoudings van die gebou-elemente teenoor die geheel en teenoor mekaar is geslaagd in die Ou Goevernementsgebou. Wierda was blyk= baar goed onderlê in die Renaissance boustyl waarin die gebou ontwerp is. Sy behandeling van kolonna= des, pedimente, ballustrades, deure en vensters is verbeeldingryk en paslik, en die moeilike aanpassing van die een by die ander beheer hy met vaardigheid. Die een twyfelagtige punt is sy behandeling v.d. kolomme in die middel-element. Vermoedelik was hy van mening dat hierdie kolomme nie onafgebroke van onder tot bo moes strek nie, en hy breek hulle dus met 'n skeidslyn op twee- derdes van die hoogte. Nou moet hy die skeids= lyn aankoppel met die mure aan weerskante v.d. middel-element en bevind hom in groot moeilikheid wat hy nie goed kon oplos nie. Die kolomme kon effens dikker gewees het, en die vraag ontstaan dus of hulle nie maar onafgebroke kon deurloop nie met ook ietwat van 'n swaarder pediment bo- oor. Die uiters moeilike probleem van uit= drukking te gee aan die funksie van die gebou,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




en dan ook nog die plasing van die gebou in sy omgewing, los Wierda op 'n baie bevredigende wyse op. Een blik op die gebou is genoeg om die indruk te skep dat ons hier met 'n belangrike publieke gebou te doen het, ja, selfs dat dit die vesting van die regering moet wees. Die middel-element en koepel is groteliks hiervoor verantwoordelik, en dit alleen sou hulle ryk behandeling geregverdig het. Wat die plasing van die gebou betref, het Wierda natuurlik in die verleentheid gesit dat Paul Krugerstraat (dit was Markstraat in daardie dae) op die middellyn van Kerkplein lê, en hy dus sy gebou na die een kant van die plein moes skuif. Dit was genoeg om aan die gebou 'n afgesonderde en eensame voorkoms te gee wat Wierda moes gehinder het. Hy maak egter op baie effektiewe wyse hiervoor op met sy plasing en verwante behandeling van die Paleis en Justisie reg teenoor die Ou Goever= mentsgebou. Nou is daar goeie samehang van geboue minstens op die weste-helfte van Kerkplein, en as hiermee rekening gehou was in die ontwerp v.d. ander geboue aan die westekant van Kerkplein dan sou dit 'n monument vir Wierda gewees het. As eendag gebeur wat lank gelede al moes gebeur het en voertuigverkeer van Kerkplein verwyder word, dan kon daar met groot effek 'n visuele verbinding op die bodem van die plein tussen Wierda se twee geboue geskep word. Dan ook sal die voorsiening wat hy gemaak het van 'n sprekersplatform vooraan die Ou Goevermentsgebou tot sy reg kom."98

v. „Werken van bijzonderen aard"

Voor die koms en indienstreding van Sytze Wierda as „Gouvernements Ingenieur en Architect" is daar, met die uitsondering van grafstene in plaas- en dorpskerkhowe en klipstapelings op Paardekraal feitlik geen monumente van enige aard in die Zuid-Afrikaansche Republiek opgerig nie.

Naas die aandeel wat hy gehad het in die oprigting van 'n burgermonument in Oos-Transvaal, sy aandeel in die voorbereidende werksaamhede vir die totstandbrenging van die Doornkop-monument ter ere van die gesneueldes tydens die Jameson-inval, in die oprigting van graf- en gedenk= stene in die Pretoriase Kerkhof, en in die oprigting van die voetstukke van die H.P.N. Pretorius-monument op die voorplein van die Artilleriegeboue, sal die naam van

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA






UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Sytze Wierda op die gebied van die totstandkoming van monumente in die eerste plek verbind bly met die ontwerp en oprigting van die Paardekraal-monument by Krugersdorp.


Op aandrang van spesiale landdros Human, van Krugersdorp, het die Regering in 1889 besluit om bo-oor die historiese klipstapel wat op 14 Desember 1880 deur die versamelde burgers gestapel is, en toe weer by geleentheid van die Dingaansfeesviering in Desember van die volgende jaar vergroot is, 'n monument op te rig op so 'n wyse „dat de thans bestaande steenhoop moet intact en zichtbaar blijven". Die taak om „een Nationaal Monument" „ter plaatse van het oorspronkelijk gedenkteeken .... uit saamgebrachte klippen" bestaande, te ontwerp is aan Sytze Wierda toevertrou. Aangesien die oorspronklike gedenkteken moes bly staan, is die nuwe monument in die vorm van 'n spitsboog oor die klipstapel ontwerp en opgerig.

Die Paardekraal-monument bestaan uit 'n „sous-basement", 'n voetstuk, en 'n verhoog of balkon rondom die monument, waarop sprekers kon staan en vanwaar hulle die skare feesgangers kon toespreek, en 'n naald. Die monument is tot 'n hoogte van 60 voet geheel en al van sandsteen gebou. Die balkon rus op konsoles of draagstukke. Op die monument is ook voorsiening gemaak vir panele waarop inskripsies uitgebeitel is, „in 't kort vermeldende de feiten betreffende de vrijmaking der Republiek, van haar begin tot na de Vrijheidsoorlog".

Die bou van die monument deur W.Y. Veitch het in April 1890 begin, is in November van dieselfde jaar voltooi en by geleentheid van 'n reuse „Algemeene Feestviering" op 15 en 16 Desember 1891 plegtig ingewy. Die opening en inwyding van die „Gedenkteeken door de Regeering tot een Staand Monument opgericht", is deur pres. Kruger waargeneem. Van toe af het die Paardekraal-monument 'n besondere plek in die hart van die Afrikaner verower en tot op die huidige dag behou.

Klipstapel, Paardekraal, 1880/81, volgens 'n tekening deur dr. W.J. Leyds op 17.12.1886 (bo) en Onthulling van die Paardekraalmonument, Desember 1891 (onder).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In 'n huldeblyk na Wierda se dood in Desember 1911, is onder andere gesê dat „geen ander bouw-werk door Wierda in ons land voltooid spreekt .... in deze dagen sterker tot ons dan 't Paardekraal monument". Daar is voorts verwys na die monument wat „niet zozeer uitmunt door bouwkundige schoonheid" nie, maar „op de plek waar 't verrees, (is 't toch) 'n indrukwekkend gedenktéken geworden, dat krachtig spreekt tot 't nationaal gemoed. 't Paardekraal monument is in z'n soort, énig in Zuidafrika."

Die gereelde volksbyeenkomste op Geloftedag vorm steeds een van die jaarlikse hoogtepunte in ons volkslewe. Die invloed wat van die Paardekraal-monument en die volksbyeenkomste vanaf 1891 op die volkslewe ten goede uitgegaan het, is onberekenbaar en dié monument op een van die mees historiese en gewyde terreine van die Afrikanervolk, sal in die jare wat kom hopelik steeds 'n magtige invloed op ons volkslewe hê.

In 1912 is die Paardekraal-monument en -terrein kragtens 'n Transvaalse Ordonnansie van 1903 as 'n nasionale monument gereserveer en in 1936 as 'n historiese gedenkwaardigheid geproklameer.[99]

## 4. OORSIGTELIK

Waar die verre voorvaders van Sytze Wopkes Wierda hul bestaan in die boerderybedryf op die Friese platteland gemaak het, het sommige van die kinders en kleinkinders van Wopkes Sjerps Wierda hul voorvaderlike beroepsneigings weer aan die dag gelê deur opnuut die boerdery as bestaansmiddel en lewensberoep te kies.

Sytze Wierda was die enigste kind in die Wierda-gesin wat van jongsaf die neiging getoon het, die begeerte gehad en mettertyd die geleentheid gekry en benut het om hom as vakman te bekwaam. As opgeleide timmerman het hy, deur sy bekwaamheid, deeglikheid, hardwerkendheid, doelgerigtheid, nougesette pligsvervulling, sobere lewensgewoontes

---

Ontwerptekening, Paardekraalmonument, deur Sytze Wierda (bo) en Kaart waarop die ligging van Wierdapark aangetoon word (onder).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en Christelike lewenswandel, nie alleen die volle vertroue van sy werkgewers gewen en behou nie, maar stadigaan opgang in sy beroep gemaak. Sodoende het hy in die loop van die jare 'n posisie van aansien en verantwoordelikheid verwerf, eers in Nederland en daarna veral in die Zuid-Afrikaansche Republiek. Daarbenewens het hy, deur ambisie aangevuur, en deur inspanning sowel as deur volgehoue selfstudie die titel of patent van boukundige en argitek verwerf, hom ook as ingenieur beskou, en in daardie hoedanigheid werk van bly= wende betekenis tot stand gebring, eers in sy geboorteland en daarna in sy tweede vaderland, in die binneland van Suid-Afrika.

Die vraag kan met reg gestel word of Sytze Wopkes Wierda in werklikheid nie dié telg uit die Wierda-geslag was nie wat verreweg die meeste gepresteer het en wie se naam in Nederland en in die Republiek van Suid-Afrika die langste sal voortlewe? In Nederland het hy nie alleen beskeie monumente nagelaat in die vorm van woonhuise, staats-, skool- en kerkgeboue nie, vir jare lank 'n werksame aandeel gehad in die totstandkoming van staatspoorweë, deelgeneem aan openbare prysvrae vir argitekte, lid gewees van ver= enigings en institute, en 'n boek oor 'n aspek van sy vak= gebied gepubliseer nie, maar in die Zuid-Afrikaansche Republiek het hy ook werk van besondere betekenis gelewer. Vir bykans dertien jaar was hy hoof van 'n steeds belang= riker en groter wordende staatsdepartement. In daardie hoedanigheid en ook as 'n werksame lid van verskillende belangrike regeringskommissies, het hy in die tagtiger- en negentigerjare werk van blywende betekenis vir die Zuid-Afrikaansche Republiek tot stand gebring, sodat sy naam, onder andere, voortlewe deur die „Staatsgebouw" aan die Pretoriase Kerkplein - die eerste groot openbare gebou wat hy kort na sy indienstreding as „Gouvernements Ingenieur en Architect" van die Zuid-Afrikaansche Republiek ontwerp het en wat op grond van sy argitektoniese betekenis en historiese assosiasies in September 1968 tot historiese

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gedenkwaardigheid geproklameer is - en die Paleis van Justi=sie, aan die teenoorgestelde kant van Kerkplein, wat teen die einde van die vorige eeu, onder sy persoonlike leiding as „Hoofd van Publieke Werken", ontwerp en opgerig is. Die naam van Sytze Wierda sal ook voortlewe deur die Wierda=brug by Sesmylspruit, digby Pretoria - wat ook as historiese gedenkwaardigheid geproklameer is - deur 'n hele aantal ander sierlike en doelmatige Wierdabrûe, wat deur hom persoonlik of onder sy leiding en toesig ontwerp is en waarvan sommige ook as historiese gedenkwaardighede verklaar is, en deur die hoekstene van verskillende openbare geboue. Sy naam sal ook voortlewe deur die Paardekraalmonument op Krugers=dorp, wat deur hom ontwerp is, voorts deur Wierdapark, 'n groot nuwe stadsgebied op die pad tussen Pretoria en die Witwatersrand, en ten slotte deur verskillende artikels in koerante, tydskrifte en geskrifte wat oor sy lewe en werk in Nederland en die Zuid-Afrikaansche Republiek handel. Waar Nederland vir bykans drie dekades die belangrike oefen- en leerskool van Sytze Wierda was, het sy skeppende en administratiewe werk in die Zuid-Afrikaansche Republiek, vanaf 1887 tot 1900, die kroon op sy lewenswerk geplaas.

In die loop van sy werk as „Gouvernements Ingenieur en Architect" en „Hoofd van Publieke Werken", is Sytze Wierda dikwels in die Volksraad en in die koerante skerp aangeval en meermale is daar by die Regering op sy ontslag aangedring en die vervanging van die „Hoofd van Publieke Werken" deur 'n „bekwamer" persoon bepleit.[100]

Vir sy persoon was daar egter ook oorvloedige blyke van agting en vir sy werk opregte waardering. Dié gesind=heid en toegeneentheid kan in 'n mate afgelei word uit die woorde wat raadslid Steenkamp, van Lydenburg, op 18 Oktober 1897 in die sitting van die Tweede Volksraad uitgespreek het:

> Hy „voelde zich gedrongen te spreken omtrent het Departement van Publieke Werken, dat met zulk een omvangrijk werk was belast. Er werden wel fouten gemaakt .... doch spreker meende, dat met

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> betrekking tot de vele distrikten er vele verbeteringen waren aangebracht, bijv. door het daarstellen van publieke gebouwen, het aanleggen van bruggen en wegen, en sprekende over zijn eigen distrikt, moest hij zeggen dat het distrikt van Lijdenburg veel dank was verschuldigd aan het Hoofd van Publieke Werken, voor den ijver dien hij dat distrikt geschonken had en zelfs zijne oude lichaam niet gespaard had om de belangen van dat distrikt te behartigen...."

Met dié huldeblyk het raadslid Steenkamp die gevoel van waardering wat daar by talle leidsliede, amptenare en gewone burgers van die Republiek teenoor die werk en persoon van Sytze Wierda bestaan het, in 'n paar woorde vertolk.[101]

As „Hoofd van Publieke Werken", het Sytze Wierda op sy pos gebly tot met die inname van Pretoria deur die Britse magte in Junie 1900. Op 5 Junie was hy een van 'n klein aantal hooggeplaaste stads- en staatsamptenare op wie die swaar taak gerus het om Pretoria aan lord Roberts oor te gee.[102] Na die Tweede Vryheidsoorlog het hy hom in Jeppestown, Johannesburg gaan vestig waar hy vir 'n tyd lank as argitek gepraktiseer en hom veral op die ontwerp van woonhuise toegespits het. Sy argiteksloopbaan het hy afgesluit met die ontwerp van 'n kerkgebou vir een van die Randse gemeentes van die Gereformeerde Kerk, vermoedelik die Johannesburgse gemeente.[103]

Daarna het hy en sy eggenote by hul dogter, mev. C.J.G. van Hoogstraten, gaan woon, eers in Bloemfontein en laastens in Seepunt, Kaapstad. Daar is hy op 72-jarige leeftyd op 10 Desember 1911 oorlede[104] en in die Woltemade-begraafplaas in Maitland begrawe. In 'n brief wat mev. Wierda in Februarie 1912 aan haar swaer in Friesland geskrywe het, het sy onder andere die volgende oor die siekte en dood van haar eggenoot, met wie sy bykans vyftig jaar getroud was, berig:

> „.... maar hy was zoo gelukkig want hy was bereid om te sterven, hy mogt gelooven dat Jezus voor al zyne zonden voldaan had, en dat gaf vrede aan zyn gemoed.... en hy was zoo helder

---

Sytze Wierda, „Hoofd van Publieke Werken", 1897.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



aan zyn einde toe, dat hy dankte de Heer voor zyn groote weldaad aan Hem bewezen, en wat was dat een troost voor ons .... nog even voor zyn dood zeide ik is alles nog wel Pa o ja Moeke alles is wel en je volge my spoedig .... hy heeft een werkzaam leven en hier veel tot stand gebracht...."105

Mev. Wierda het haar eggenoot met vyf en twintig jaar oorlewe en is eers op 17 November 1926 in die hoë ouderdom van bykans 88 jaar in die huis van een van haar dogters, mev. Suze Späth, in Sandown, Johannesburg-Noord oorlede. Na 'n begrafnisdiens in 'n Sandownse kerkgebou het die teraardebestelling in die Maitlandse begraafplaas, Kaapstad, plaasgevind.[106]

## 5. BRONNEVERWYSINGS EN TOELIGTENDE VOETNOTAS

1. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Wierda-Stukke, VI, i, A, 21: S. Wierda - Broeder en Zuster, 7.12.1887.

2. Fred. Jeppe (bijeenbrenger) en J.G. Kotzé (herziener): De Locale Wetten der Zuid Afrikaansche Republiek, 1849-1885, p.681.

3. Fred. Jeppe (bijeenbrenger) en J.G. Kotzé (herziener): De Locale Wetten der Zuid Afrikaansche Republiek, 1849-1885, pp.681, 682, 1027, 1153, 1189, 1236, 1244 en 1304; Staats-Courant der Zuid-Afrikaansche Republiek, Bijvoegsel, 19.7.1883: Volksraadsnotule, Arts. 275, 276 en 278, 12.6.1883, pp.2-3; Bijvoegsel, 17.11.1886: Volksraadsnotule, Arts. 1410-1412 en 1415, 11-12.8.1886, pp.15-16; Bijvoegsel, 25.5.1887: Volksraadsnotule, Art. 195, 17.5.1887, p.14; Bijvoegsel, 1.6.1887: Volksraadsnotule, Arts. 212, 215 en 225, 17.5.1887, pp.1-3; T.A.B., U.R. 6: URB. 15/1883 en URB. 278/1883.

4. Staats-Courant der Zuid-Afrikaansche Republiek, Bij= voegsel, 6.9.1883: Volksraadsnotule, Art. 535, 2.7.1883, pp.6-7; T.A.B., U.R. 6: URB. 163/1884; U.R. 7: URB. 146/1886.

5. Staats-Courant der Zuid-Afrikaansche Republiek, Bijvoegsel, 10.7.1889: Volksraadsnotule, Art. 798, p.26.

6. Staats-Courant der Zuid-Afrikaansche Republiek, Bijvoegsel, 13.9.1883: Volksraadsnotule, Arts. 581-603, 5 & 6.7.1883, pp.5-8; Bijvoegsel, 20.9.1883:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Volksraadsnotule, Arts. 667-764, 10-13.7.1883; W.J. Leyds: De Eerste Annexatie van de Transvaal, p.257; De Volksstem, 28.7.1883 (Redaksioneel); 16.7.1885 (Redaksioneel); 27.8.1885 (Lening van £5 000 van George Heys); 19.11.1885 (Redaksioneel); 31.12.1885 (Redaksioneel); 11.2.1886 (Redaksioneel); 18.2.1886 (Redaksioneel); 6.5.1886 (Redaksioneel); Transvaal Advertiser, 19.5.1886 (Redaksioneel); C.J. van der Loo: De Geschiedenis der Zuid-Afrikaansche Republiek (Transvaal), p.174.

7. John Keith and Dr. Scoble: Pretoria, It's Founding, Rise and Progress (Men of the Times, 1906, p.301); De Volksstem, 8.6.1885 (Berig oor ontdekking van ryk goudriwwe op Witwatersrand deur Harry Struben en byeenkoms in die Union Club, Pretoria, op 5.6.1885); 19.11.1885 (Redaksioneel); 14.7.1887 (Redaksioneel: Die seëninge van die goudvelde en die verbetering van die land se finansies); 21.7.1887 (Vergelykende Staat van Inkomste en Uitgawes: 2de kwartaal 1886 en 2de kwartaal 1887); Staats-Courant der Zuid-Afrikaansche Republiek, Bijvoegsel, 22.9.1886: Volks=raadsnotule, Art. 888, 9.7.1886, p.3.

8. H.M. Rex: Wierdabrug oor Sesmylspruit. 'n Pleidooi vir die behoud van hierdie historiese brug (Preto=riana, Nr. 38, April 1962, pp.18-29); De Volksstem, 21.7.1887 (Die behoefte aan brue).

9. Allemansdrift, Commissiedrift, Bronkhorstdrift, Raadsdrift, Rhodesdrift, Leeuwdrift, Elandsdrift en Moorddrift is enkele van die groot aantal driwwe wat opgenoem kan word.

10. Enkele voorbeelde van kerkplekke en dorpe wat in Transvaal by driwwe ontstaan het: Standerton aan die Vaalrivier; Kerkplek van die N.G. Gemeente Elands=rivier (Pretoria) by die drif deur die Elandsrivier op die plaas Doornkraal in die sestigerjare van die vorige eeu; Winkel en poskoetsstasie by die drif deur die Hondsrivier op die plaas Vlakfontein van Salomon Prinsloo; Zwartruggens aan die Elandsrivier en Groot Marico aan die Maricorivier.

11. Staats-Courant der Zuid-Afrikaansche Republiek, Bijvoegsel, 30.5.1888: Volksraadsnotule, Art. 87, 14.5.1888, p.3; T.A.B., U.R. 8: URB. 254/1888.

12. H.M. Rex: Wierdabrug oor Sesmylspruit. 'n Pleidooi vir die behoud van hierdie historiese brug (Pretoriana, Nr. 38, April 1962, p.19).

13. Verslag, Gouvernements Ingenieur-Architect, Departe=ment van Publieke Werken, 1890, p.11.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



14. Staats-Courant der Zuid-Afrikaansche Republiek, 26.5.1875: „Acte van Overeenkomst" tussen die Regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek en A.H. Nellmapius, met S.J.P. Kruger as een van die twee getuies; Staats-Courant der Zuid-Afrikaansche Republiek, Bijvoegsel, 20.9.1883: Volksraadsnotule, Art. 767, 14.7.1883, p.10; Bijvoegsel, 4.10.1883: Volksraadsnotule, Arts. 894-896, 24.7.1883, p.10.

15. H.M. Rex: Wierdabrug oor Sesmylspruit. 'n Pleidooi vir die behoud van hierdie historiese brug (Pretoriana, Nr. 38, April 1962, p.19); De Volksstem, 21.7.1887 (Die behoefte aan brue); T.A.B., S.S. 1367, R.1675/87: Kontrak tussen J.H. Fouché en Regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek vir die bou van 'n houtbrug oor die Pienaarsrivier en die uit= voering van die kontrak, pp.55-84; T.A.B., U.R. 8: URB. 108/1887, URB. 197/1887 en URB. 198/1887.

16. Verslag, Gouvernements Ingenieur-Architect, Departe= ment van Publieke Werken, 1891, p.11.

17. Die Staatsekretaris, Uitvoerende Raad, Landmeter-generaal, Superintendent van Onderwys en die Kommandant-generaal (wat ook as Superintendent van Naturelle opgetree het) en hul personeel was vanaf Augustus 1881 gevestig in die eerstydse „Colonial Office"-kantore, wat op een stadium deel van die Britse Militêre Kamp was. Die kantoor, wat bekend gestaan het as die „Jellalabad Villas", het op Erf Nr. 692 in Visagiestraat, waar die gebou van die Sitrusraad 'n aantal jare gelede opgerig is, gestaan. Die Registrateur van Aktes, die Tesourier-generaal en die Weesheer, met hul personeel, het hul kantore soos voorheen in die Eerste Ou Goewermentsgebou aan Kerkplein gehad. Op dieselfde terrein, maar op die hoek van Markt- en Pretorius= straat, was die pos- en telegraafkantoor gehuisves in die bouvallige grasdakgebou wat aanvanklik as tronk gedien het maar in die loop van die jare ook as bakkery, vir militêre en ander doeleindes gebruik is. Die amptenare wat met die regspraak belas was, het hul kantore in die Kochsgebou op Erf Nr. 415 in Pretoriusstraat gehad, en die personeel van die Ouditeur-generaal en die Landdros in die „Oude Club"-gebou waar die Hoofposkantoor mettertyd tot stand gekom het.

18. De Volksstem, 2.11.1881 (Redaksioneel).

19. T.A.B., S.S. 563/81, R.3941/81: F.H. Rissik, Inspecteur van Publieke Werken, insake opknapping van kantoor van die Posmeester, pp.140-143; U.R. 6: URB. 70/1881; Staats-Courant der Zuid-Afrikaansche Republiek, Bijvoegsel, 29.6.1882: Volksraadsnotule, Art. 366.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



20. De Volksstem, 18.10.1882.

21. De Volksstem, 6.6.1883 (Redaksioneel).

22. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Wierda-Stukke, Korresp., VI, iv, 25: C. Beyers - H.M. Rex, 20.5.1966.

23. De Volksstem, 7.10.1884 (Redaksioneel); 22.11.1884 (Verslag van die besprekings deur die Volksraad op 4.10.1884).

24. T.A.B., S.S. 1372, R.1937/87: Kritiek op die ontwerp van 'n tronk op Heidelberg deur Johann Rissik, Inspecteur van Publieke Werken, pp.79-143; Staats-Courant der Zuid-Afrikaansche Republiek, Bijvoegsel, 22.9.1886: Volksraadsnotule, Arts. 926-927, 10.7.1886, pp.6-7; De Volksstem, 15.7.1886.

25. T.A.B., S.S. 1316, R.6029/86: Die aanstelling van Boukommissies in die verskillende distrikte, pp. 54-64; S.S. 1329, R.6545/86: Argitekte H.A. Dijk=sterhuis, M. Franken, C. Schürmann, W.A. de Rapper en J.L. de Lange Jzn., wat destyds in Pretoria prakti=seer, bied hul dienste as argitekte en opsigters teen vergoeding aan, pp.97-117.

26. T.A.B., S.S. 1267, R.4106/86: Die ontwerp en bou van 'n nuwe poskantoor- en landdrosgebou in Pretoria, pp.25-66.

27. T.A.B., S.S. 1376, R.2136/87: Die verkryging van 'n ontwerp vir 'n nuwe Goewermentsgebou op Pretoria, pp.34-140.

28. Transvaal Advertiser, 17.9.1887 (The New Post Office Buildings); De Volksstem, 3.11.1887 (Het Nieuwe Postkantoor).

29. T.A.B., S.S. 1376, R.5407/87 by R.2136/87: Notulen van de vergadering der Commissie belast met het onderzoek van het bestek en de plannen voor de nieuwe Gouvernementsgebouw te Pretoria vervaardigd door de heer J. Simons (sic), 5.7.1887 en 22.7.1887, pp.107-128.

30. T.A.B., U.R. 8: URB. 251/1887.

31. H.M. Rex: Enige Mededelings i.v.m. die Geskiedenis van Twee Erwe en 'n Straat (Pretoriana, Deel 2, Nr. 3, April 1953, pp.15-16); H.M. Rex: Klaas van Rijsse jr., Staatsamptenaar en Boukunstenaar van die S.A.R. (Pretoriana, Nr. 23, April 1957, p.29); T.A.B., S.S. 1443, R.5192/87: Die aanstelling van Klaas van Rijsse jr. as „provisioneel" Gouvernements

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Ingenieur en Architect en sy betrokkenheid by ont=werp van 'n nuwe Goewermentsgebou, pp.58-64.

32. T.A.B., S.S. 1443, R.5311/87 en R.7700/87 by R.5192/87: Klaas van Rijsse jr. as Waarnemende „Gouvernements Ingenieur en Architect", 3.8.1887-31.10.1887, pp.58-64; S.S. 1372, R.5346/87, R.5410/87 en R.1416/88 by R.1937/87: Die aandeel van Klaas van Rijsse jr. in die ontwerp van die bouplan van die Heidelbergse tronkgebou, pp.79-143.

33. T.A.B., S.S. 1443, R.7700/87 by R.5192/87: Die ontslag van Klaas van Rijsse jr. as Waarnemende „Gouvernements Ingenieur en Architect", p.64.

34. T.A.B., P.W. 339, Briewekopieboek 1887-1889, Nr. 1/87: Gouvernements Ingenieur en Architect - Staatssecretaris, 12.11.1887.

35. T.A.B., S.S. 1499, R.8284/87: Versoek van die „Gouvernements Ingenieur en Architect" vir die aanstelling van Klaas van Rijsse jr. as opsigter, pp.38-43.

36. T.A.B., U.R. 8: URB.500/1887; S.S. 1499, R.8284/87: Staatssecretaris - Gouvernements Ingenieur en Architect, 21.11.1887, pp.38-43.

37. H.M. Rex: Klaas van Rijsse jr., Staatsamptenaar en Boukunstenaar van die S.A.R. (Pretoriana, Nr. 23, April 1957, pp.26-32).

38. T.A.B., P.W. 3, 138, 139 (Applikaties), 455 (Regis=ter van Ambtenaren), 339, 341, 342, 343 en 349 (Brie=wekopieboeke); Staats-Almanak der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1893, pp.88-89, p.162; 1897, pp.243-244; 1898, pp.264-265; 1899, pp.109-110.

39. T.A.B., S.S. 1634, R.4807/88: Memorie van die „Gouvernements Ingenieur en Architect" i.v.m. „Het maken van transportwegen", pp.43-50.

40. T.A.B., T.G. 96: Staatsbegrooting, 1889, Dept. van Publieke Werken, Overzicht van het Dienstjaar 1888, pp.7-8; Staats-Courant, Bijvoegsel, 3.10.1888: Volksraadsnotule, Arts. 1071-1073, 20.7.1888, pp.12-14; H.A. Ameshoff (bijeenbrenger): De Locale Wetten der Zuid-Afr. Republiek, 1888-1889, VRB. 1073, 20.7.1888, pp.67-68.

41. T.A.B., T.G. 96: Staatsbegroting, 1889, Dept. van Publieke Werken, Overzicht van het Dienstjaar 1888, p.8.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



42. T.A.B., T.G. 98: Staatsbegrooting, 1890, Dept. van Publieke Werken, Overzicht van het Dienstjaar 1889, pp.2, 12-13, 21-22.

43. Verslag, Gouvernements Ingenieur-Architect, Dept. van Publieke Werken, 1890, pp.12-15.

44. Verslag, Gouvernements Ingenieur-Architect, Dept. van Publieke Werken, 1890, pp.29-36.

45. Verslag, Gouvernements Ingenieur-Architect, Dept. van Publieke Werken, 1891, pp.13-25.

46. Notulen, Eersten Volksraad, 1892: Art. 583, 29.6.1892, p.218.

47. Verslag, Gouvernements Ing. Architect, Dept. van Publieke Werken, 1892, pp.13-31.

48. Notulen, Tweeden Volksraad, 1893: Art. 811, 12.8.1893, pp.380-381; Art. 843, 15.8.1893, p.391; Notulen, Tweeden Volksraad, 1894: Art. 18, 8.5.1894, p.9.

49. Verslag, Hoofd van Publieke Werken, Dept. van Publieke Werken, 1894, pp.27-41.

50. Verslag, Hoofd van Publieke Werken, Dept. van Publieke Werken, 1895, pp.17-50.

51. Notulen, Tweeden Volksraad, 1896: Art. 477, 5.6.1896, p.165.

52. Verslag, Asst. Hoofd-Weginspecteur, Dept. van Publieke Werken (Afdeeling Wegen), 1896, p.1.

53. Notulen, Tweeden Volksraad, 1898: Verslag, Hoofd van Wegen, Dept. van Publieke Werken (Afdeeling Wegen), pp.47-62.

54. T.A.B., S.S. 1634, R.4807/88: Memorie van die „Gouvernements Ingenieur en Architect" i.v.m. „Het maken van transportwegen", pp.43-50. Die gronde waarop die G.I. & A. sy aanspraak, dat die „weten=schap (i.v.m. brugontwerpe) hier te lande voorwaarts streeft", gebaseer het, het hy as volg uiteengesit: „De kleine brug bestaat uit klipsteenen landhoofden met ijzeren liggers en houten dekvloer met houten leuning. Het zijpad, breed 12 voet, bestaat uit een ondervloer van hard hout, met ½ duim tusschen=ruimte tusschen elke deel, en daarover een grenen=houten zijvoering of bovenvloer, bestaande uit smalle deelen ten breedte van 4 dm., met schuine kanten voorzien, voor het vaststaan van de paarden en ossen.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Aan weerzijden van den rijweg bevinden zich verhoogde voetpaden van 2½ voeten breed, deze acht ik noodig; ten eerste opdat de wagens niet tegen de brugleuningen kunnen rijden om derzelven niet te vernielen, en ten tweede den drijver of voerman gelegenheid te geven naast den wagen of ossen te kunnen blijven loopen, zonder gevaar van tusschen den wagen en leuning gekneld te worden. De grote brug bestaat eveneens uit twee klipsteenen landhoofden met twee ijzeren tralie=liggers als brugdragers en daartusschen aan den onderkanten den brugvloer. Deze bruggen behoeven geen steunpunten in het midden der rivieren; die mij niet wenschelijk voorkomen, wegens het veranderlijke van den bodem bij sterke stroomingen. Bovendien kan men de kosten voor deze bruggen bijna gelijk stellen met dié welke steunpunten in het midden hebben, daarom zijn deze te verkiezen boven laatst=genoemde, ook om hunne meer eleganten vorm. Hieraan kan men zien dat ook de wetenschap hier te lande voorwaarts streeft...."

55. T.A.B., T.G. 96: Staatsbegrooting, 1889, Dept. van Publieke Werken, Overzicht van het Dienstjaar 1888, pp.3-4 en 12; Verslag, Gouvernements Ingenieur-Architect, Dept. van Publieke Werken, 1890, p.11; T.A.B., U.R. 8: URB.410/1887, 423/1887, 545/1887, 1170A/1888, 384/1888 en 611/1888.

56. T.A.B., T.G. 96: Staatsbegrooting, 1889, Dept. van Publieke Werken, Overzicht van het Dienstjaar 1888, pp.2-3 en 12.

57. T.A.B., T.G. 98: Staatsbegrooting, 1890, Dept. van Publieke Werken, Overzicht van het Dienstjaar 1889, pp.3, 5-7, 10-12, 18 en 20.

58. Verslag, Gouvernements Ingenieur-Architect, Dept. van Publieke Werken, 1890, pp.9-12.

59. Verslag, Gouvernements Ingenieur-Architect, Dept. van Publieke Werken, 1891, pp.10-13; T.A.B., P.W. 341, Briewekopieboek, 1889-1890: Gouverne=ments Ingenieur-Architect - R.A. Snethlage, 's-Gravenhage, 28.3.1890, i.v.m. „scharnierbruggen", p.685.

60. Verslag, Gouvernements Ingenieur-Architect, Dept. van Publieke Werken, 1892, pp.11-13; Appendix tot het Verslag van het Departement van Publieke Werken over het Dienstjaar 1892, 2 pp.

61. Notulen, Eersten Volksraad, 1894: Verslag, Hoofd van Publieke Werken, Dept. van Publieke Werken, 1893, pp.229-233; Notulen, Tweeden Volksraad, 1894: Art. 18, 8.5.1894, p.7.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



62. Notulen, Tweeden Volksraad, 1894: Art. 18, 8.5.1894, p.7; Verslag, Hoofd van Publieke Werken, Dept. van Publieke Werken, 1894, pp.12-14.

63. Verslag, Hoofd van Publieke Werken, Dept. van Publieke Werken, 1895, pp.14-16.

64. Verslag, Hoofd van Publieke Werken, Dept. van Publieke Werken, 1896, pp.17-20.

65. Verslag, Hoofd van Publieke Werken, Dept. van Publieke Werken, 1897, pp.13-14.

66. H.M. Rex: Wierdabrug oor Sesmylspruit. 'n Pleidooi vir die behoud van hierdie historiese brug (Pretoriana, No. 38, April 1962, pp.18-29); J.J. Oberholster: Die Historiese Monumente van Suid-Afrika, pp.307-308, 329, 330-331 en 334.

67. Verslag, Gouvernements Ingenieur-Architect, Dept. van Publieke Werken, 1891, pp.25-26; Notulen, Tweeden Volksraad, 1891: Art. 478, 12.6.1891, p.103; De Pers, 16.12.1891, Paardekraal Uitgave (Kennis= geving, Tollen zyn opgericht).

68. Notulen, Tweeden Volksraad, 1892: Art. 480, 17.6.1892, p.204; Verslag, Gouvernements Ingenieur-Architect, Dept. van Publieke Werken, 1892, pp.30-31.

69. Notulen, Tweeden Volksraad, 1893: Art. 811, 12.8.1893, p.380; Notulen, Tweeden Volksraad, 1894: Art. 18, 8.5.1894, p.9.

70. Verslag, Hoofd van Publieke Werken, Dept. van Publieke Werken, 1894, pp.41-42; 1895, p.51; 1896, p.28.

71. T.A.B., P.W. 341, Briewekopieboek 1889-1890, 2632/1890: Gouvernements Ingenieur en Architect - Staatssecre= taris, 22.8.1890; P.W. 348, Briewekopieboek 1895, 786/1895; Hoofd van Publieke Werken - Klerk van Kantoor- en Schrijfbehoeften, 17.10.1895; 831/1895: Hoofd van Publieke Werken - Klerk van Kantoorbehoeften en Schrijfbenoodigdheden, 30.10.1895; P.W. 350, Briewekopieboek 1897, 25/1897: Hoofd van Publieke Werken - Staatssecretaris, Buitenlandsche Zaken, Afd. A., 19.1.1897.

72. T.A.B., T.G. 96: Staatsbegrooting, 1889, Dept. van Publieke Werken, Overzicht van het Dienstjaar 1888, pp.1-6; T.G. 98: Staatsbegrooting, 1890, Dept. van Publieke Werken, Overzicht van het Dienst= jaar 1889, pp.1-10; Verslag, Gouvernements Ingenieur-Architect, Dept. van Publieke Werken, 1890, pp.4-9; Verslag, 1891, pp.5-10; Verslag, 1892, pp.7-13;

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Notulen, Eersten Volksraad, 1890: Verslag, Hoofd van Publieke Werken, Dept. van Publieke Werken, 1893, pp.230-232; Verslag, Hoofd van Publieke Werken, Dept. van Publieke Werken, 1894, pp.5-10; Verslag, 1895, pp.6-14; Verslag, 1896, pp.9-16; Verslag, 1897, pp.4-10; Anoniem: Die Warmbad van Waterberg (Die Brandwag, Deel XII, No. 5, Okt. 1921, pp.134-139).

73. T.A.B., T.G. 98: Staatsbegrooting, 1890, Dept. van Publieke Werken, Overzicht van het Dienstjaar 1889, pp.3, 5 en 19.

74. T.A.B., T.G. 96: Staatsbegrooting, 1889, Dept. van Publieke Werken, Overzicht van het Dienstjaar 1888, p.3, 5 en 13; T.G. 98: Staatsbegrooting, 1890, Dept. van Publieke Werken, Overzicht van het Dienstjaar 1889, pp. 3, 5 en 19; Verslag, Gouvernements Ingenieur-Architect, Dept. van Publieke Werken, 1890, pp.4-6 en 8; Verslag, 1891, pp.6-8; De Volksstem, 11.9.1891 (Besoek van pres. Kruger aan Krugersdorp en beskrywing van die Goewermentsgebou); H.M. Rex: Die Ou Goewermentsgebou op Boksburg: Die lotgevalle van 'n historiese gebou in Suid-Afrika (Bulletin, Stigting Simon van der Stel, 2 Maart 1961, pp.7-19); J.J. Oberholster: Die Historiese Monumente van Suid-Afrika, pp.292-293; Doreen Greig: A Guide To Architecture In South Africa, pp.87, 166 en 187; Die Transvaler, 27.8.1974 (‚Hof' word dalk monument).

75. T.A.B., T.G. 96: Staatsbegrooting, 1889, Dept. van Publieke Werken, Overzicht van het Dienstjaar 1888, pp.3 en 13; T.G. 98: Staatsbegrooting, 1890, Dept. van Publieke Werken, Overzicht van het Dienst=jaar 1889, pp.5, 7, 17 en 20; Verslag, Gouvernements Ingenieur-Architect, Dept. van Publieke Werken, 1890; p.5; Verslag, 1891, pp.6-7; Verslag, 1892, pp.5-7; Notulen, Eersten Volksraad, 1894: Verslag, Hoofd van Publieke Werken, 1893, pp.230-231; Verslag, Hoofd van Publieke Werken, Dept. van Publieke Werken, 1894, pp.3-4; Verslag, 1895, p.6; Verslag, 1896, pp.8-9; Verslag 1897, pp.10-12; J.J. Ober=holster: Die Historiese Monumente van Suid-Afrika, pp.291-292; Doreen Greig: A Guide To Architecture in South Africa, pp.131-132; Anna H. Smith (compiler & edi=tor): A Pictorial History of Johannesburg, pp.32 (110), 45 (162 en 163), 54 (193) en 111 (375); Melt van Niekerk: Adolf Schiel en die Duitse Kommando (Argief-Jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1951, DEEL II, pp.69 en 82); T.A.B., P.W. 12, MR. 3424/94: I. van Alphen, Postmeester-Generaal - Hoofd van Publieke Werken, 26.4.1894.

76. Verslag, Hoofd van Publieke Werken, Dept. van Publieke Werken, 1897, p.2.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



77. Verslag, Gouvernements Ingenieur-Architect, Dept. van Publieke Werken, 1890, p.4; Verslag, 1892, pp.4-5; Verslag, Hoofd van Publieke Werken, Dept. van Publieke Werken, 1894, p.3; Verslag 1895, p.6; Verslag, 1896, p.7; Verslag, 1897, p.3.

78. T.A.B., T.G. 98: Staatsbegrooting, 1890, Dept. van Publieke Werken, Overzicht van het Dienstjaar 1889, p.4; Verslag, Gouvernements Ingenieur-Architect, Dept. van Publieke Werken, 1890, p.3; Verslag, 1891, p.4.

79. T.A.B., T.G. 98: Staatsbegrooting, 1890, Dept. van Publieke Werken, Overzicht van het Dienstjaar 1889, p.5; Verslag, Gouvernements Ingenieur-Architect, Dept. van Publieke Werken, 1890, pp.3-4; Verslag, 1891, pp.4-5; Verslag, 1892, p.4; Notulen, Eersten Volksraad, 1894: Verslag, Hoofd van Publieke Werken, Dept. van Publieke Werken, 1893, p.229.

80. Verslag, Hoofd van Publieke Werken, Dept. van Publieke Werken, 1896, p.8; Verslag, 1897, p.4; F.J. du Toit Spies: Uit die briewe van Arnold Theiler, III (Pretoriana, Nrs. 26 & 27, Apr.-Aug. 1958, pp.42-49).

81. Verslag, Gouvernements Ingenieur-Architect, Dept. van Publieke Werken, 1890, p.4; Verslag, 1891, p.5; Notulen, Eersten Volksraad, 1894: Verslag, Hoofd van Publieke Werken, Dept. van Publieke Werken, 1893, p.230; Verslag, Hoofd van Publieke Werken, Dept. van Publieke Werken, 1894, p.2; Verslag, 1895, pp.4-5; Verslag, 1896, p.5; Doreen Greig: A Guide To Architecture in South Africa, p.190.

82. Verslag, Hoofd van Publieke Werken, Dept. van Publieke Werken, 1894, p.3; Verslag, 1895, pp.2-4; Verslag, 1896, pp.7 en 18; Verslag, 1897, pp.2-4.

83. Verslag, Hoofd van Publieke Werken, Dept. van Publieke Werken, 1895, pp.3-4; Verslag, 1896, pp.1, 4-5; Verslag, 1897, pp.3-4; Doreen Greig: A Guide To Architecture In South Africa, pp.190-191; Jan Ploeger: Die „Staatsgymnasium" te Pretoria. 'n Pêrel aan die Kroon van die Onderwysstelsel in die Zuid-Afrikaansche Republiek (Almanak, 1970, pp.35-49); J. Ploeger: Die „Staatsmodelschool" (Pretoriana, Nrs. 16 & 17, Jul.-Sept. 1955, pp. 47-52); H.M. Rex: Diverse gegewens i.v.m. die oprigting en opening van die Staatsmodelschool (Pretoriana, Nr. 22, Des. 1956, pp.9-12); W.N. Prinsloo: Die Staatsmodelschool en sy beteke=nis in die Zuid-Afrikaansche Republiek, pp.60-85, 229-249; Jan Ploeger: Die „Staatsmodelschool"

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



herrys (Pretoriana, No. 71, Apr.-Des. 1973, pp. 40-42); V. FitzSimons: A short history of the Transvaal Museum (Pretoriana, No. 29, April 1959, pp.9-14).

84. Verslag, Hoofd van Publieke Werken, Dept. van Publieke Werken, 1895, p.5; Verslag, 1896, pp.5-6; Verslag, 1897, pp.2-3; J. Ploeger: Besonderhede aangaande 'n aantal geboue op die terrein van die huidige Verdedigingshoofkwartier, Potgieterstraat, Pretoria (Militaria, 2/2, 1970, pp.1-25); Doreen Greig: A Guide To Architecture In South Africa, p.190.

85. In hierdie verband moet in die eerste plek die name genoem word van dr. W.H.J. (Willem) Punt, afgetrede Direkteur van die Stigting Simon van der Stel, en dr. Jan Ploeger, tans Staatshistorikus en tot onlangs Redakteur van die „Bulletin", Stigting Simon van der Stel, en een van die redakteure van „Militaria".

86. Doreen Greig: A Guide To Architecture In South Africa, pp.192-193.

87. Verslag, Hoofd van Publieke Werken, Dept. van Publieke Werken, 1895, p.6; Verslag, 1896, p.2; Verslag, 1897, p.3; Doreen Greig: A Guide To Architecture In South Africa, pp.189, 191-193; A.L. Meiring: Stadsbeplanning en Boukuns in Pretoria: 'n Terugblik (Pretoria, 1855-1955, pp.162-163); Vivian Allen: Kruger's Pretoria, pp.45-54.

88. Hermann Moritz Rex: Die geskiedenis van die Eerste Ou Goewermentsgebou en sy Voorlopers in Pretoria, pp.3, 4, 326-328; T.A.B., T.G. Staatsbegrooting, 1889, Dept. van Publieke Werken, Overzicht van het Dienstjaar 1888, pp.1, 3, 5-6; T.G. : Staatsbegrooting, 1890, Dept. van Publieke Werken, Overzicht van het Dienstjaar 1889, pp.7, 8 en 16; Verslag, Gouvernements Ingenieur-Architect, Dept. van Publieke Werken, 1890, pp.2-3; Verslag, 1891, pp.3-4, Verslag, 1892, pp.3-4; Notulen, Eersten Volksraad, 1894: Verslag, Hoofd van Publieke Werken, Dept. van Publieke Werken, 1893, p.229; Verslag, Hoofd van Publieke Werken, Dept. van Publieke Werken, 1894, pp.1-3; Verslag, 1895, pp.1-3; Verslag, 1896, p.4; A.L. Meiring: Stadsbeplanning en Boukuns in Pretoria: 'n Terugblik (Pretoria, 1855-1955, pp.162-163); Doreen Greig: A Guide To Architecture In South Africa, pp.189-192; Vivian Allen: Kruger's Pretoria, pp.39-45.

89. H.M. Rex: Die vervaardiging, aanbrenging en ver= wydering van die oorspronklike Republikeinse Wapen en Leuse op die voorgewel van die Goewermentsgebou

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(Pretoriana, Deel 4, No. 3, April 1955, p.10); De Volksstem, 2.2.1891 (Het Nieuwe Gouvernementsgebouw).

90. T.A.B., S.S. 2498, R.12069/90: F.D. Oerder - Staatssecretaris, Aug. 1890, i.v.m. versiering van Volksraadsaal in die nuwe Goewermentsgebou en af= wysende antwoord van S. Wierda, G.I.A., 10.9.1890, pp.30-38; P.W. 140, BR.2744/90, 2881/90: F.D. Oerder - Gouvernements Ingenieur en Architect, 29.8.1890 en 6.9.1890; Die Transvaler, 24.9.1955 (Waardevolle doek van Oerder ontdek).

91. De Volksstem, 26.5.1891 („Beeld van Vryheid"); 12.2.1897 (Romeinsche Helm voor Vrijheidsmaagd).

92. Notulen, Eerste Volksraad, 1894: Verslag, Hoofd van Publieke Werken, Dept. van Publieke Werken, 1893, p.229; Verslag, Hoofd van Publieke Werken, Dept. van Publieke Werken, 1894, p.12.

93. Notulen, Eersten Volksraad, 1894: Verslag, Hoofd van Publieke Werken, Dept. van Publieke Werken, 1893, p.229; Verslag, Hoofd van Publieke Werken, Dept. van Publieke Werken, 1895, p.2.

94. Our Artist: Photographs of South Africa, pp.3 and 145; Anonymous: Scenes and Life in the Transvaal, p.85; C.J. van der Loo: De Geschiedenis der Zuid-Afrikaansche Republiek (Transvaal), pp.28 en 174; S. Kalff: Onder een Worstelend Volk, p.83; J.F. van Oordt: Paul Kruger en de Opkomst der Zuid-Afrikaansche Republiek, pp.499-500; Een Transvaaler: Transvaal, pp.19 en 31; Creswick (ed.): South Africa And It's Future, p.385.

95. Doreen Greig: A Guide To Architecture In South Africa, pp.189, 191-192.

96. J.J. Oberholster: Die Historiese Monumente van Suid-Afrika, pp.301-302.

97. A.L. Meiring: Stadsbeplanning en Boukuns in Pretoria: 'n Terugblik (Pretoria, 1855-1955, pp.148-172).

98. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 26: A.L. Meiring - H.M. Rex, 26.2.1968.

99. T.A.B., T.G. 98: Staatsbegrooting, 1890, Dept. van Publieke Werken, Overzicht van het Dienstjaar 1889, p.5; Verslag, Gouvernements Ingenieur-Architect, Dept. van Publieke Werken, 1890, p.22; Verslag, 1891, p.25; J.J. Oberholster: Die His= toriese Monumente van Suid-Afrika, pp.297-298;

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



J.H. van Dyk: Waar Paardekraal se Vinger Wys, pp.31-40; H.M. Rex: Die viering van Geloftedag (in) die vorige eeu (Die Hervormer, Jrg. LXIV, Nr. 9, Desember 1973, pp.15-16); Programma van de Algemeene Feestviering te Paardekraal, Zuid-Afrikaansche Republiek, p.1-2, 5-7; De Pers, 16.12.1891, Paarde=kraal Uitgave, pp.1-3; De Volksstem, 12.11.1911 (Sytze Wierda +).

100. Land en Volk, 31.5.1892 (Hoofartikel, Weg met Wierda).

101. Notulen, Tweeden Volksraad, 1897: Art. 1516, 18.10. 1897, p.735.

102. Pretoria Friend, 9.7.1900 (The Surrender of Pretoria). Behalwe Wierda maak die berig ook melding van burgemeester Potgieter, spoorwegkommissaris Smit, en Mansvelt, die Superintendent van Onderwys, wat die afgevaardigdes van lord Roberts - wat die stad via Gevangenispoort (aan die suidpunt van Potgieter=straat) binnegekom het - „at the high bridge of the Pietersburg line, north of the Artillery Camp" inge=wag het.

103. B.R. Kruger: Die Ontstaan, Ontwikkeling en Beteke=nis van die Gereformeerde Kerk op die Witwatersrand, p.19. Ofskoon Sytze Wierda nie as die argitek van die ou kerkgebou in Mintweg, Johannesburg (waarvan 'n foto op p.18 afgedruk staan) deur dr. Kruger genoem word nie, bestaan 'n vermoede dat hy wel dié kerkgebou ontwerp het. 'n Familie-oorlewering verbind Wierda se naam aan dié betrokke kerkgebou; H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Wierda-Stukke, VI, i, N, 7: Visitekaartjies met die naam van argitek S. Wierda, Hansstraat, Jeppestown, Johannes=burg daarop.

104. De Volksstem, 12.12.1911 (Sytze Wierda+); Ons Land 12.12.1911 (De heer S. Wierda Overleden); H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Wierda-Stukke, VI, i, N, 1-4: Koerantuitknipsels (sonder naam en datum) met berigte oor afsterwe.

105. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Wierda-Stukke, VI, i, A, 36: H. Wierda-Kamp - Broeder, 13.2.1912.

106. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Wierda-Stukke, VI, i, N, 5-6: Koerantuitknipsels (sonder naam en datum) met kennisgewings van afsterwe van mev. H. Wierda-Kamp.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## SAMEVATTING

Sytze Wopkes Wierda (1839, Hemrik - 1911, Kaapstad), wat uit 'n Friese arbeidersmilieu voortgekom en in 1862 as timmerman in Drachten begin werk het, wat van 'n „buiten= gewoon opzichter" in 1866 binne een dekade tot „hoofdop= zichter" by die aanleg van staatspoorweë in Nederland gevorder en vanaf 1887 tot 1900 met onderskeiding aan die hoof van die „Departement van Publieke Werken" in die Zuid-Afrikaansche Republiek gestaan en daarbenewens ook as argitek en skrywer in sy geboorteland bekendheid verwerf het, is op 28 Februarie 1839 te Hemrik, in die provinsie Friesland, Nederland, gebore.

Dáár is hy in dieselfde jaar in die eeu-oue Hervormde kerkgebou, waarin sy ouers in 1850 op middeljarige leeftyd deur openbare belydenis van geloof lidmate geword het, gedoop. Hy was die vyfde kind van Wopke Sjerps Wierda (1800 - 1859), 'n los-vas arbeider en huisslagter van Hemrik en Wijnjeterp, en sy huisvrou Pietertje Roelofs de Vries (1806 - 1879). Aan vaderskant het Sytze Wierda uit 'n ou Friese geslag gestam.

Na sy laerskoolloopbaan in Opsterland het sy opleiding as timmerman gevolg, waarvan 'n gedeelte omstreeks 1858 in Appelscha afgesluit is. In November 1860 het hy as timmer= mansleerling van Wijnjeterp, waar sy vader in 1859 oorlede is en sy moeder as „landbouwerske" voorlopig bly woon het, na die stad Groningen verhuis, waar hy tot in Maart 1861 werksaam was en vermoedelik ook na-uurse teoretiese opleiding in die timmervak en argitektuur aan die Groningse „Volksindustrie= school" ontvang het. Daarvandaan is hy na die Groningse dorpie Winsum waar hy 'n tyd lank as timmerkneg werksaam was voordat hy, vir die res van die jaar, na Wijnjeterp teruggekeer het.

As opgeleide timmerman het hy hom in 1862 in Drachten gevestig, met Harmke Tjibbeles Kamp (1839, Drachten - 1926, Johannesburg) in die huwelik getree en omstreeks 1862 lidmaat

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van die Christelijk Gereformeerde Kerk geword. In Drachten het hy as timmerman gewerk en terselfdertyd argitektuur onder leiding van stadsargitek Duursma aan die plaaslike tekenskool bestudeer tot sy verhuising na Enschedé in 1865 en sy indiens= treding as timmerman en tekenaar by een van die spoorweg= kontrakteurs. Terwyl hy op Hengelo-stasie besig was met die maak van werkstekeninge, volskaalse konstruksie- en detail= tekeninge, het seksie-ingenieur Janssen opgemerk dat Wierda in sy werk „een vaardig oordeel, constructieve kennis en ge= schiktheid" aan die dag gelê het. Op grond daarvan is hy aanbeveel vir aanstelling as 'n „buitengewoon opzichter" by die aanleg van staatspoorweë.

Nadat hy vanaf Januarie 1866 tot in Mei 1867 as „buiten= gewoon opzichter" werksaam was aan die spoorwegtrajek Hengelo-Glanerbeek, is hy oorgeplaas na die provinsie Noord-Holland met standplaas Alkmaar. In die loop van 1867 is hy bevorder tot „opzichter 2e klasse". Tot 1870 het hy 'n werk= same aandeel gehad in die totstandkoming van spoorwegwerke en -geboue in die Zaanstreek en in verband met die oorbrugging van die Noordseekanaal.

In 1870 het die verhuising van die Wierda-gesin na Amsterdam plaasgevind en vanaf daardie jaar tot 1875 het hy as „opzichter le klasse", en van toe af tot 1887 as „hoofd= opzichter", sy tyd en beste kragte bestee aan die voltooiing van die spoorlyn van Zaandam na Amsterdam. Ook het spoor= wegwerke en -geboue in die Nederlandse hoofstad, waaronder veral die reuse "Centraal Personenstation" in die „Openhaven= front" en die „Centraal Goederenstation" in die „Stads Riet= landen", en ander bykomende spoorwegwerke en aktiwiteite, sy volgehoue aandag as hoofopsigter geniet. In sy Amsterdamse tydperk het hy ook nog tyd gevind om 'n boek, getitel „Belgische Industrie" te publiseer, as lid van 'n Skool= kommissie te dien, familiekorrespondensie te voer en 'n aan= deel te hê in die argiteksopleiding van Klaas en Pieter van Rijsse, van Zaandam.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Naas sy 22 jaar-lange boukundige opsigterswerk by die aanleg van staatspoorweë, het Wierda vanaf die helfte van die sestigerjare ook sy voorliefde en talente op die argitektuur en alles wat daarmee saamgehang het, toegespits. As wettig erkende boukundige en argitek het hy vir geruime tyd aan 'n groot verskeidenheid van boukundige prysvrae deelgeneem en intussen ook onderwyserswonings, burgerhuise en skoolgeboue ontwerp. Na gelang hy meer ervaring opgedoen en selfvertroue ontwikkel het, het hy saam met vooraanstaande argitekte van destyds deelgeneem aan prysvrae vir buitelandse en binneland= se openbare geboue, waarvan die ontwerpe vir beursgeboue in Frankfurt am Main en Amsterdam, omstreeks 1880, vermeldens= waardig is. Kerkgeboue wat hy vanaf 1873 tot 1886 vir die Christelijk Gereformeerde gemeentes van Zaandam, Baarn, Hijum, Nieuwendijk en 's-Hertogenbosch, en vir die Oud-Gereformeerde Gemeente Emlichheim (Duitsland) ontwerp het, is vandag nog steeds as kerkgeboue in gebruik.

Nadat sy belangstelling as Nederlander in die vrywor= ding van die stamverwante Boerevolk in 1881 opgewek is en hy in daardie jare op soek was na 'n nuwe werkterrein waar sy ervaring en talente op die gebied van spoorwegbou en argitek= tuur benut kon word, het die bemiddeling van Hendrik Bührmann daartoe gelei dat Wierda in Julie 1887 die aangebode betrek= king van „Gouvernements Ingenieur en Architect" van die Zuid-Afrikaansche Republiek aanvaar en op 1 November van dieselfde jaar in Pretoria in diens getree het.

Vanaf 1887 tot 1900 het Wierda, wat in 1887 lid van die „Koninklijk Instituut van Ingenieurs" geword het, nie uit= sluitend as administratiewe hoof van 'n steeds groter en belangriker wordende staatsdepartement opgetree nie. Hy was aanvanklik persoonlik ook betrokke by die ontwerp van 'n aantal regeringsgeboue, waaronder die indrukwekkende en stylvolle „Staatsgebouw" aan die Pretoriase Kerkplein, en 'n aantal soortgelyke „gouvernementsgebouwen" op verskillende Transvaalse dorpe. Daardeur het hy sy reputasie as argitek van openbare geboue gevestig.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Argitekte, boukundiges en tekenaars, wat vir die merendeel in Nederland gebore en opgelei is - onder wie Klaas van Rijsse jr. in die eerste plek genoem moet word - het in die negentigerjare onder die aktiewe, inspirerende en vakkundige leiding van Sytze Wierda 'n belangrike bydrae ge= lewer tot die argitektuur in die Zuid-Afrikaansche Republiek.

Naas sy werk op boukundige gebied, het Wierda met die tot= standbrenging en instandhouding van 'n netwerk van trans= port- en distrikspaaie sowel as strate, die beplanning en bou van 'n aantal doelmatige en sierlike brûe, en die ontwerp van die unieke Paardekraalmonument te Krugersdorp, werk van blywende kultuurhistoriese betekenis vir Suid-Afrika gelewer.

Die feit dat sommige van die openbare geboue, wat deur Wierda persoonlik of onder sy leiding en toesig ontwerp en opgerig is, 'n aantal brûe wat in die negentigerjare onder sy sorg en leiding tot stand gekom het en die Paardekraalmonument wat deur hom ontwerp is, in die afgelope tyd tot nasionale gedenkwaardighede verklaar is, getuig van die omvang en aard van die dertien jaar-lange grondleggende, rigtinggewende en skeppende werksaamhede van die pligsgetroue en lojale Neder= lands-gebore „Gouvernements Ingenieur en Architect" en „Hoofd van Publieke Werken" van die Zuid-Afrikaansche Republiek, Sytze Wopkes Wierda.